

SLEUTEL 6 – LIEFDE VIR JOU VYAND

Is dit nodig om oor hierdie onderwerp te dink? Is dit nie iets was ons al hoeveel keer gehoor het nie? Vir een of ander rede *hoor* ons baie dinge oor liefde vir die vyand, maar tog *luister* ons nie daarna nie. Jesus vra van ons om ons vyande lief te hê. Die gehoor aan wie Matteus skryf in Mat 5:43-48 woon heel moontlik in Antiochië. Dit is sekerlik een van die “gaggaste” stede wat daar ooit bestaan het. Riool het oral in strate gelê, tussen lyke van mense wat deur die Romeinse regering doodgemaak is. In ’n 800m² ruimte het omtrent 120 mense van verskillende gelowe en kulture gebly. Die stad was baie dig bevolk. Die hartseer is dat hierdie mense glad nie in vrede met mekaar kon saamleef nie – met ons Suid-Afrikaanse konteks as vertrekpunt, is dit eintlik maklik denkbaar. Baie christene is ook as gevolg van gevegte tussen hierdie groepe deur die Romeine doodgemaak. Wat vra Jesus dus van hierdie christene? “Daardie Arabier wat jou so slegsê en daardie Romeinse soldaat wat verlede week jou vriend onthoof het...wees lief vir hulle.” **Drasties nê?**

Wat vra Jesus van jou en my in 2013?

- Bid vir dié wat jou vervolg
- Doen goed aan dié wat jou haat
- Seën dié wat jou vervloek

Ons besef nie altyd hoe drasties hierdie opdrag is nie. Kom ons skeep vandag ’n stuk ongemak in ons harte en vertrou die Gees om vanuit hierdie ongemak, ons koppe en harte aan te raak en te verander:

Hoe klink hierdie opdrag vandag:

- “Bush en Obama, wees lief vir dié verantwoordelik vir 9/11.”
- “Suid-Afrikaners, wees lief vir renosterstropers.”
- “Hettie Brittz, wees lief vir die man wat jou verkrag het in 2010.”
- “Barry Steenkamp, wees lief vir Oscar.”
- “Marikana werkers, wees lief vir die SAP.”

Nou-nou het ons, toe ons na Matteus se konteks verwys het, gesê: “Drasties nê?”...nou, na die boonste paar punte, klink dit sommer bloot **belaglik** nê? Ek meen...wie op aarde in hul reg-denkende koppe sal hulle steur aan die boonste punte? Die antwoord: ALMAL wat hulself christene noem! As christen, verwag die Here van my en jou om onvoorwaardelik lief te hê – soos Hy ons liefhet. Weens my en jou sonde en gebrokenheid was ons ook **vyande** van God. Hoe het Hy teenoor ons opgetree? Met haat, wraak en geweld? Nee, met Sy Seun aan ’n kruis – LIEFDE in die mees volmaakte vorm.

Betekén liefde vir die vyand dat ons alles wat hulle doen goedkeur? Verseker nie. Selfs God veroordeel steeds die sonde wat Sy kinders aanvang. Liefde en geregtigheid is nie sinoniem nie. Dit is ook nie terme wat as “óf-óf” gebruik moet word nie, maar as “en-en”. Liefde **en** geregtigheid. Ons moet spreekwoordelike **kapelane** word. Kapelane werk met geregtigheid in die samelewing, op ’n koninkryks-manier en hulle werk in God se koninkryk deur geregtigheid te bewerk – albei in LIEFDE!

Ek en jy moet dalk bietjie oor die volgende vrae dink, na aanleiding van wat Jesus van ons vra rakende liefde vir die vyand:

- Is dit okei as ons mense van wie ons nie hou nie, beskinder?
- Is dit reg om ons land se regeringsamptenare in ons koppe sleg te sê?
- Is die Here tevrede daarmee as ons grootpraterig vertel hoe min ons van dié of daai persoon hou, of hoe kwaad en “de hel in” ons is vir dié of daai persoon?
- Is ons houdings teenoor sommige mense van wie ons minder hou in lyn met die groot gebod van *liefde*?

Mag die Here my en jou van vooraf leer wat Hy met *liefde* bedoel, want iewers het ons die punt gemis!